# Installeer ’n rak PROJEK 4




## JY BENODIG

**’n Waterpas, 300 mm-rakdraagarms, ’n Bosch-elektriese boor, ’n 6 mm-klipboorpunt en M6-ankerproppe en -skroewe (ronde kop), 15 mm-spaanderbordskroewe**

### STAP 1

Merk waar jy die rak wil hê. Gebruik die waterpas om jou rak perfek horisontaal te kry.





### STAP 2

Druk die draagarms teen die muur vas en merk die skroefgaatjies teen die muur met ’n potlood.



### STAP 3

Boor gaatjies in die muur en plaas die ankerproppe daarin.



### STAP 4

Draai die draagarms vas aan die muur met die rondekop-skroewe. Merk die posisie van die draagarms se gaatjies aan die onderkant van die rak, boor gaatjies en skroef die rak aan die draagarm vas met die spaanderbordskroewe.



Onder: Swart glashouer **R699, Wetherlys**. Swart teekersiehouer **R000,00, Woolworths**. Bruin geweefde mandjie **R59,99, Mr Price Home**. Aardbol **R495, Coricraft**. Op vloer: Pienk mandjie **R39,99**, bruin mandjie **R59,99** en swart geweefde bêremandjie **R99,99, Mr Price Home**. Swart-en-wit bêrebokse **R000,00** vir klein en **R000,00** vir groot, **Woolworths**. Silwer vaas **R19, Sheet Street**.

**WENK:** MAAK DUBBEL SEKER DAAR IS GEEN ELEKTRIESE KABELS IN DIE MUUR NIE VOOR JY BEGIN BOOR.